FEBRUARIE 2025

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"Success is not measured by what you accomplish, but by the opposition you have encountered and the courage with which you have maintained the struggle against overwhelming odds." Orison Swett Marden

Almal van ons droom en hoop alle moontlike sukses vir ons kinders in hulle toekoms. Dit is wonderlik om na hulle te kyk en die ongelooflike potensiaal in elkeen te sien. Ons as ouers sal ook alles in ons mag doen om hulle te help om dit te bereik.

Die probleem is egter dat partykeer help ons te veel. Soveel so dat ons hulle amper nie toelaat om foute te maak nie. Die gevolg is hulle kry nie kans om uit hulle foute te leer nie.

Kinders moet leer om self te sukkel. Hulle moet leer om take self aan te pak en as daar 'n probleem opduik, self tot 'n oplossing te kom. So leer hulle lewenslesse van onskatbare waarde.

Kom ons help ons kinders deur hulle bietjie minder te help, hulle toe te laat om foute te maak en hulle lief genoeg te hê om hulle maar 'n bietjie te laat sukkel voor ons raad gee.

Sterkte met die ongelooflike taak as ouer.

*Pieter de Bruyn*



## WAARDES

### NET MY BESTE

Vanjaar fokus op UITNEMENDHEID!

Die leerlingraad en personeel is deurlopend op die uitkyk om leerders te identifiseer met uitmuntende gedrag en sal met 'n "Net die Beste" plakker beloon word!

Ouers kan ook fokus hierop en leerders aanmoedig om hul beste te gee!

## MELKTERTDAG



Op die 27ste Februarie het ons Nasionale Melktertdag gevier. Dit was 'n fees om die dag met nagereg te begin!





Baie dankie aan elke klasverteenwoordiger wat melktert gestuur het. Ons waardeer dit baie!



# ATLETIEK

Op Saterdag, 15 Februarie het 22 van ons skool se atlete gaan deelneem aan die Witzenbergbyeenkoms te Bella Vista. Ons is trots op Stephan du Toit (Gewigstoot), Anmari Steenkamp (Hoogspring & Verspring), Elgar Jantjies (Hoogspring & 100m), Marissa van der Merwe (Gewigstoot) en Christopher du Toit (Hoogspring) wat deurgedring het na die Boland byeenkoms wat op 22 Februarie by Dal Josefat in die Paarl gehou was. Om deel te wees van sò 'n byeenkoms is wonderlike blootstelling en ondervinding.




# 60 SAAM MET ROCCO



Save the Date

Laerskool Koue Bokkeveld vier hierdie jaar sy 60ste bestaansjaar! Ons sien uit na 'n swierige aand saam met Rocco de Villiers.

1 Oktober 2025
19:00
NG Kerksaal
R300 pp
Kaas en Wyn

# KARAKTERKAMPIOENE

## WEEK 5

Ons is trots om die volgende leerders as karakterkampioene aan te wys:
Graad 1: Zina Thiart vir 'n flukse werker.
Graad 2: Frederik van Schalkwyk vir leergierig en gehoorsaam.
Graad 3: Priya Julies vir 'n leergierige leerder.
Graad 4: Eunique Cloete vir 'n vriendelike dogter.
Graad 5: Cara van den Heever vir vriendelikheid teenoor almal.
Graad 6: Noah Sello vir altyd ordentlik.
Graad 7: Xander Clark vir omgee vir ander.

## WEEK 7

Hierdie leerders het pragtige eienskappe getoon en word beloon as Karakterboukampioene.
Graad 1: Daniëlla Goosen vir goeie werk gelewer.
Graad 2: Anja v d Merwe vir gehoorsaamheid en bedagsaamheid teenoor ander.
Graad 3: Aiden Hufke is 'n gretige leerder.
Graad 4: Christopher du Toit vir goeie maniere.
Graad 5: Elgar Jantjies vir goeie maniere.
Graad 6: Ben v d Merwe vir 'n uitstekende klasleier.
Graad 7: Stephné Arries vir behulpsaamheid.

# GOOGLE CLASSROOM OUERVERGADERING

Op Maandag, 17 Februarie, het Laerskool Koue Bokkeveld geskiedenis gemaak en ons 1ste aanlyn ouervergadering via Google Meet gehad. Die opkoms van ouers wie dit bygewoon het, was verblydend en die terugvoer via Google Forms was goed. Baie dankie aan elke ouer wie die verskeie Google Classrooms gebruik.

# FOTODAG 1

19 Maart

## KLASFOTO'S EN INDIVIDUELE FOTO'S

Graad 1 tot 7 - leerders word afgeneem met somersdrag en skoolskoene.

Broer en suster foto's sal ook geneem word, bestellings kan later geplaas word.

Pre-Graad R en Graad R se kleredrag sal deurgegee word.




# KRIEKET



Randel Roberts en Stephan du Toit is in die o/13 Witzenberg krieketspan opgeneem. Ons is trots op dié seuns en sien uit om hul toekoms in krieket dop te hou!

# KBV MINI-KRIEKETDAG

Saterdag, 1 Maart hou ons, ons eie mini-krieketdag!
Ons verwag ongeveer 530 spelers vanaf 13 skole!
Baie dankie aan elke ouer, borgskap en die skool se personeel wat so hard werk om hierdie dag weereens 'n GROOT sukses te maak!
Kom ondersteun ons gerus!

# TENNIS




Altesaam 16 tennisspelers van ons skool het die afgelope naweek deelgeneem aan die Kaapse Wynland tennisproewe. Sommige spelers moes Swellendam toe ry op kort kennisgewing. Baie dankie aan die ouers wat moeite doen om hulle kinders te neem en te ondersteun.

Baie geluk aan die volgende spelers wat die top 8 haal. Daar is nog 2 proewes oor.

| | |
|---|---|
| o.13 | Markus Tomlinson 1ste |
| | Gys du Toit 3de |
| | Anmari Steenkamp 1ste |
| o.12 | Daniël du Toit 6de |
| | Zoey Carolus 6de |
| o.11 | Cassie du Toit 7de |
| | Cara van den Heever 2de |
| | Helené du Toit 3 de |

Dit was 'n goeie dag op die tennisbaan vir al ons KBV tennisspelers. Ons is trots op elke leerder wat deelgeneem het.

# TENNIS



BELANGRIKE DATUMS:

Op 11 Maart 2025 gaan ons kleinste bokkies deelneem aan 'n tennistoernooi by Laerskool FD Conradie.
Meer inligting volg binnekort.

21 Maart 2025 - ProKennex Ceres
7 Junie 2025 - Kaapse Wynland proewe 2
21 Junie 2025 - ProKennex Paarl
9 Augustus 2025 - ProKennex Strand
30 Augustus 2025 - Kaapse Wynland proewe 3


Gaan na die 'capetennis' webtuiste om in te skryf of kontak Juffrou Hanle.

# 0.11 EN 0.13
# NETBAL- EN RUGBYDAG

Vanjaar hou ons skool ons eie Sportdag vir o.11 en o.13 netbal- en rugbyspanne op die 14de Maart. Ons sien uit om die wintersport af te skop op tuisveld!

Skole wat hierdie dag gaan bywoon, is:

- FD Conradie (netbal)
- Ashton (netbal en rugby)
- Kromlin (netbal en rugby)



Die sportprogram sal binnekort beskikbaar wees. Hou d6 en u WhatsApp groepe dop.

Vir enige navrae kan juf. Lize gekontak word.



# PRE GRAAD R




Die pre graad R klas gaan volgende week op hulle eerste uitstappie na Laerskool FD Conradie se plaasdag.

Hier spog die klas met hulle nuwe hempies:



# ALGEMENE KENNIS

Baie geluk aan hierdie groep leerders wat mooi presteer het tydens die eerste kwartaal se algemene kennis toets.

Graad 4

1. Gabriella du Toit
1. Josh Loff
2. MW Pretorius
3. Azaya de Klerk
3. Luah du Toit



Graad 5

1. Niël de Wet
2. Zané Bothma
2. Helené du Toit
2. Frans le Roux
2. Alida Vrey



Graad 6

1. Dinozzo van Huffel
2. Junishia Muller
3. Jean Dreyer



Graad 7

1. Stephan du Toit
1. Markus Tomlinson
2. Gys du Toit
2. Randel Roberts
3. Anmari Steenkamp



## DIE VOLGENDE TOETS IS OP DIE 14DE MEI 2025

DIE TOETS BESTAAN UIT DIE VOLGENDE AFDELINGS:

1. IN DIE NUUS - 5 PUNTE
2. LANDE EN HOOFSTEDE - 5 PUNTE
3. VERMAAK - 5 PUNTE
4. DIERE EN PLANTE - 5 PUNTE
5. MY OMGEWING / SKOOL - 5 PUNTE



# FONDSINSAMELING

Ons skool se jaarlikse fondsinsameling begin 12 Maart 2025.
Daar is `n groot verkeidenheid pryse wat gewen kan word deur `n lootjie van R20 te koop by ons leerders.

Die gelukkige trekking vind plaas op 18 Junie 2025.

Daar wag `n heerlike prys vir die klas wat die meeste lootjies verkoop.

Baie dankie aan ons klasverteenwoordigers vir hul bereidwilligheid om pryse in te samel.






# KAROOKOP 0.13 TOERNOOI


Hierdie jaar neem ons o.13 rugby en netbal span weer deel aan die Karookop o.13 Toernooi, te Clanwilliam wat deur Augsburg aangebied word.
Aan hierdie toernooi neem daar 7 dogters en 19 seuns deel. Ons sien uit na die opwindende wedstryde en ook leer van nuwe vaardighede.
Kostes beloop R 1600 per leerder.
Die toernooi vind plaas vanaf 27 - 29 Maart.
Onthou om asseblief bewyse van betalings vir Juf. Lize te stuur indien EFT betalings gemaak word.

Juf. Lize sal die inligting rakende die toer uitstuur sodra ons alles ontvang het.

# EISTEDDFOD

Laerskool Koue Bokkeveld neem hierdie jaar weer aan die Paarl Vallei Virtuele Eisteddfod deel. Ons sien uit na HOPE inskrywings hierdie jaar. Afdelings waarvoor leerders kan inskryf, is:

- VOORDRAG (AFR EN ENG)
- LEES (AFR EN ENG)
- KUNS
- FOTOGRAFIE



Inskrywings open die 4de Maart!

